# HUUB CZANIK

**Datum: April 2010**
**Plek: Stellenbosch**
**Vraagsteller 1 (V): Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis |Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A): Huub Czanik | Luggloed Fisikus | SANAE 7 |1966**

**A:** ... Die dekaan van die fisika-afdeling vra toe vir Sieg Rossouw. Hy sê Sieg man, ons het nou sopas 'n pos gekry op die Antarktiese span. Jy was daar gewees; jy't al die ondervinding; jy't 'n BSc-graad ... Wil jy weer gaan? En Sieg sê Oe, ja! Hy wil weer gaan. O, dis te bakgat! En toe's ons ... Ons is finale jaar en dis Novembermaand. Ons moes skripsie in die laboratorium en Sieg vertel vir ons O, dis so mooi! O, dis bakgat! En hy gaan aan, aan, aan. En hy't geld gespaar en hy het die goete gebring wat hulle gebring het – robvel en allerhande mooi goed. En dit raak so die einde van November – dit was ongeveer sê nou die laaste week in November – en sy verloofde sê vir hom kyk, Sieg, jy kan kies: Suidpool of ek. Jy weet, jy kan kies; maar moenie vir my ... ek moet wag; moenie dink ek gaan nog 14 maande wag nie. Ek is nou ... Maar Sieg was toe al in sy dertigs al gewees al. En Sieg ... wat maak hy nou? En hy gaan terug na Piet, Piet Zeemann, en hy sê vir hom Prof, ek is nou ... O, ek is jammer, maar ek kan nie gaan nie; my verloofde het my arm gedraai. Nou, ek weet nie wat die rekords van Piet Zeemann sê nie, maar hy was 'n bietjie van 'n ... weet, *image* was vir hom belangrik. Nou's hy ...

Die skip trek oor 5 of 6 weke, né? En die voorbereiding vat 2 of 3 maande, minimum! En hy gaan na sy M- en sy doktersgraadstudente toe, en hulle sê *not* 'n donner! M-studente: nee; B-studente: nee; personeel: nee. Niemand van daai afdeling wou gaan nie; niemand nie. Dis nou al weer die laaste week in November. En ek *strike* die probleem met my meisie en ek dink o, ek wil weggaan; o ... En ek gaan na Prof Zeemann toe en ek sê vir hom Prof, ek hoor jy soek 'n ou vir die Suidpool. Hy sê man, julle ingenieurs, julle weet niks van fisika af nie. Ek sê ja, tweede-jaar; jy weet, niks. Wat weet ek nou? Hy sê nee man, jy weet te min; jy kan nie gaan nie. Toe sê vir die prof koebaai en ek draai om ... Hy sê Czanik! Kom terug! Hy sê wat weet jy van luggloed en aurora af? Ek sê nee, *zilch*. Hy sê oe; hy roep vir Charlie Marais, hy was nog Charl Marais – dosent, nie doktor nie. Hy sê vir Charl kan jy vir dié ou iets leer in 'n week of twee se tyd; hy sê o, ek probeer. Hulle probeer toe. Hulle geen my hierdie raad: dis 'n baie fyn foto ... katodiese ... wat noem hulle dit? ... *photo multiplier* – hy't sulke plate wat jy afskaaf. En hy's baie gevoelig en hy kan 'n baie flou lig kan hy afneem. Hierdie een ... daar's 'n kamera ook daar. Hulle gee my so 'n *crash course* in luggloed en aurora; hulle gee my 'n *crash course* in kos en brandbestryding en *fit* – weet nie wat als nie ... O, sielkundig ook natuurlik. En hulle sit my op die skip en daar gaan ons af. So, ek is daar op 'n *fluke*, op 'n totale ...

**V:** Vloekskoot?

**A:** Ingeforseerd. En as jy na die Fisikadepartement toe gaan, mag daar nog sulke rekords wees, wat sê dit was een totale misoes van ... Die apparaat, soos jy kan sien, is groot; jy weet, dit was so ...

**V:** Dit was seker sensitief nogal?

**A:** Baie, verskriklik sensitief. En hulle het ‘n paar windinge ‘n strykysterelement, so omgedraai binnekant, jy weet. En dit moet die ding nou warm hou. En dit raak so –10 en dit werk; –12, –15 ... daar klonk die ding; niks werk nie.

**V:** Maar ek verstaan nou nie ... Moes hulle ... Het hulle dan die element ... Hoe’t hulle dit warm gemaak? Elektrisiteit?

**A:** Met krag.

**V:** O.

**A:** Wat dit is, ‘n foto-*multiplier*, hy werk met anodes ... katodes ... anodes ... ‘n Foton kom in en hy *strike* die eerste plaat, en dan’s daar ‘n spanning; en dan’s daar ‘n tweede plaat en ‘n derde ... ek dink 10 plate as ek reg onthou. En elke plaat het ‘n 100 Volt gelykstroom nodig om dit te kan doen. Oukei?

**V:** Ja.

**A:** En toe dink ek, o, wat maak ons nou? Toe stuur hulle die bode na die Griek se winkel, toe koop hulle ‘n paar honderd batterytjies, hierdie flitsbatterytjies. En hulle lyk soos ‘n bom; hulle ... 100 Volt, 100 Volt, 100 Volt, 100 Volt ... Jy weet, dis ‘n kolossale ding. Maar wat hulle nou nie gelees het nie, by –10, –12, dan werk die batterye glad nie.

**V:** Ja, hulle loop mos baie vinnig af in die koue?

**A:** Nee, maar hulle werk net nie; hulle vries. Jy weet, dit is ...

**V:** O, oukei; die sure vries.

**A:** Of hulle loop af, ja. Wat ook al. Iedergeval, hierdie ding werk toe nie. En ek sit toe met die kamera opgeskeep. Die kamera het gewerk; dit was amper nog suksesvol gewees. En nou bel ons vir prof en ek sê prof, die ding werk nie; hy sê ja, vat ‘n gloeilamp en sit dit in ‘n donker blik en sit dit binne-in en kyk of hy nie wil warm word nie. En so gaan ons aan vir die jaar met hierdie ... Die ding het nooit gewerk nie. Die kamera was 180$^{o}$ *all-sky* kamera; hy’t mooi gewerk; dit as oraait.

**V:** Toe het die masjien of die apparaat glad nie gewerk nie ... So wat doen mens dan vir ‘n hele jaar?

**A:** Oukei. Ek was nagskof; omdat ek nagverskynsels moes waarneem, was ek nagskof. Ek het die kamera gehardloop; ek moes die basis se veiligheid waarneem; ek moes die masjiene se in-*tune* vir die nag, moes ek dophou; en ek het ook – omdat ek ‘n ingenieur is, kon ek bietjie landmeetkunde doen, jy weet ... Noord, jy’t altyd ‘n noord nodig ... Jy’t ‘n noord

binne ‘n paar sekondes van ... En ook was ek die sogenaamde “spanfotograaf” – dit was nou nie ‘n groot *job* nie. So ek het maar basies ‘n nagskof gehou. Ek het toe nog Hollands met my ouers gepraat, so Ouboet het my afgesien met sy dogtertjie, wat nou ook al amper 50 is.

**V:** So is u oorspronlik van Hollandse oorsprong?

**A:** My pa was Hongaars ... het Holland toe gegaan; ek is daar gebore.

**V:** Ek sien u’t sommer een brief vir die hele familie geskryf?

**A:** Ag ja ... Die koudste was ongeveer daai dag, 21 Augustus. Dit was –48.9.

**V:** Was dit nie die jaar wat Verwoerd doodgeskiet is nie?

**A:** Ja.

**V:** Nou het julle gehoor daarvan op SANAE?

**A:** Ja, natuurlik! Dit was net voor my verjaardag, die 6de of 9de September. En ek is nagskof; ek gaan slaap ... as hulle gaan brêkvis, dan’s dit my aandete en dan gaan slaap ek; oukei? En hulle maak my wakker; hulle sê Dr Verwoerd is vermoor in die Parlement. O, en toe is daai hele basis is in ‘n moerse depressie, jy weet. En die 9de was die begrafnis, as ek reg onthou, en my verjaarsdag was die 12de. So toe’s almal nou ... so. En as jy nou klaar is, dan lyk jy nou so ... bietjie *scruffy*.

**V:** Bietjie bebaard.

**A:** Bietjie bebaard ... Johan Schonees, Roelf van den Heever, Eddie de Ridder, Zietse Verbeeck, Harold Poole, Fanie Venter, Johan Durandt Barnard, die leier – Sean Kavanagh, Johan Smith, Dave Homann ...

**V:** Die meisies wat hier by is?

**A:** Hier’s geen meisies nie! O, daar was nooit, ooit ... Nee kyk, sal in die moeilikheid ... Chris Wolfaardt, Willie J. van Staden, Horst Bastin, Henry Fulton, en ek. Daar’s ons almal bymekaar.

**V:** Nee, *sorry*; ek het nou net die boonste deel gesien, met die lang hare ...

**A:** Nee, oe ... !

**V:** Nee, ek sien hierdie is al terug geneem in Suid-Afrika.

**A:** Nee, ons was *pale* en *male*... Jy weet, daar’s nie ... Daar was geen sprake van Kleurlinge óf meisies nie, jy weet. So dit sou net moeilikheid gegee het.

**V:** Maar was daar van die ouens wat saamgegaan het wat getroud was, of wat vaste meisies gehad het?

**A:** Johan Schonees was getroud – waar’s hy? Johan Schonees, waar’s jy nou ... ? Hy was getroud. Henry Fulton was getroud. En ...

**V:** Was Henry Fulton meer as eenkeer daar?

**A:** Ja. Hy was drie keer daar gewees.

**V:** Want ons het sy naam herken ...

**A:** Ja, hy was drie keer daar, en ...

**V:** Hy was ‘n werktuigkundige, of wat?

**A:** Ja. Roelf van den Heever was ook daar; hy was ook getroud. Maar die res was ... En Dave Homann was getroud.

**V:** So daar was ‘n redelike paar van hulle wat hulle vrouens nogal moes gemis het?

**A:** 1, 2, 3, 4 ... was getroud. Ja, ja. Ja, ja, ja. Hulle kyk na jou kop ook; hulle sê jong, dié ou gaan dit maak of hy gaan dit nie maak nie. So ...

**V:** So kan jy enigiets onthou van die sielkundige toetse?

**A:** Nee, dit was verskriklik eenvoudig ... ! As jy nie jou hare uittrek en rondloop en skree nie, moet jy *pass*, jy weet! ... Dat jy gaan, jy weet! Nee ag, hulle het jou ‘n bietjie van ‘n assosiasietoets gegee, die *photies* met die pa en die ma en seuntjie wat so heel speel ... Jy weet, so. Nee, daar was nie tyd nie! Ek dink hulle was bang; hulle sê o, nee gonna! ons gaan dit nie maak nie; ons moet hom liewers maar nie stuur nie!

**V:** So toe ...Die masjien klink my, of daai apparaat, het redelik vroeg in die jaar opgepak?

**A:** Kyk, hoe dit werk is dit: ... ek moet nou nie lieg nie ... vir vier maande in die ... nee, vir twee maande in die jaar, weerskante van 21 Desember, het jy volle sonlig, oukei. Dan begin die son onder gaan, dan gaan hy af, en dan so by Maart, Aprilmaand, begin jy jou eerste donker nag te kry. En toe begin die masjien ... En ook koud – jy weet, dit raak –20, –30. Toe wys dit op dat die masjien werk nou nie lekker nie; hy’s ... sy batterye gee nie die spannings wat jy soek in daai foto-*multiplier* nie. En ons het gesukkel; ons het probeer dit *bypass* ... En ag nee ... Maar die *all-sky* kamera het wel die aurora afgeneem, en ek het lateraan by die magneetobservasie in Hermanus dit gaan ontwikkel en dit gaan bêre. So as jy dit soek, geomagnetiese obs ... GEOMAG by Hermanus het dit nog daarso. Ek het ook op daai twee kleurfoto’s van aurora ... Dit was nie ‘n verskriklike besige jaar nie; dit was ‘n stil sonjaar en daar was een of twee goeie vertonings en ek het een of twee foto’s wat ek nogal dink is nogal *smart*. So ...

**V:** En toe die program is toe nie weer voortgesit die jaar daarna nie?

**A:** Ek weet nie. Ek het so ver weggebly van daai lot, want hulle het gedink ... Nou nog, as hulle my sien, gaan hulle my toesluit! Ek weet nie of Stellenbosch nog ouens gestuur het nie.

**V:** Ja, ek wonder nou of hulle toe weer iemand daarna gestuur het.

**A:** Ja, ek ... Na hierdie bogger-op gaan ons nie weer probeer nie! Nee, maar die masjienerie was defektief en ek was nie goed opgelei nie, so daar was twee faktore wat maar saamgewerk het om ‘n totale ...

**V:** En toe u nou terugkom, het u u studies voortgesit?

**A:** Nee, ek het gaan werk. Ek ... Kyk, ek het toe klaar geleer. Toe graad ... Ek was nie by my gradeplegtigheid nie, want ek was by hierdie robbies *training* gewees, so ...

**V:** Het die *training* gehelp?

**A:** Ja, ja; darem so bietjie ... Maar as jy nou mooi kyk, hierdie ene, ek was die kleinste, of die jonge ... die kortgatse ... as julle nou mooi kyk, dan sien julle, as jy die paal nou opdruk – en ek druk nie die paal op nie ... ! Want ek kan nie bykom nie! So jy weet ...! *Oh, my goodness*! Maar dis al deel van die lugmaggimnasium se ... Waar was dit? Voortrekkerhoogte ...

**V:** Ja, Voortrekkerhoogte, Pretoria; ja. O, het julle nog honde daar gehad?

**A:** Ja, ons het nog honde ... Ook, daar is honde op die ... Ek het ‘n paar lugfoto’s ook ... nie lugfoto’s nie, toringfoto’s van die basis, met die honde en als.

**V:** O, wonderlik!

**A:** So ons het 14 honde gehad. En die honde het ‘n spesifieke doel gehad. As jy nou ver gaan, dan vat jy die slee. En die slee is gemaak van wilgehout en aanmekaargesit met leerriempies, nie met spykers nie; hy’s lekker *flexible*. Nou die reëls sê – en reëls is baie belangrik – jy weeg die hond; die hond weeg 30, 40 kg; elf honde is soveel kg; dít mag jy maar laai op jou slee – nie meer nie. Hierdie honde is opgelei; 2 of 3 leierhonde. ‘n Leierhond se *job* is net om rigting te hou. Jy gee hom ‘n punt op die horison; hy hou daarby. Dis sy *job*. Dis al. Dan het jy vyf pare van honde wat jy agter aanspan. Hierdie paar en daai paar en daai paar en daai paar moet *compatible* wees, anderster gaan hulle op een plek net omdraai, en hulle donner op, jy weet, jou hele ... So jy moet kies: dié twee is *compatible* ...

**V:** Nou *compatible* in watter sin? Hulle temperament ... ?

**A:** Hulle gaan nie mekaar opvreet nie. Pêlle. Dan vat jy die slee só, en jy *line* hulle op, só; dan sit jy ‘n pen ... laai jy die slee met jou paraffien en jou tente en jou kos en wat ook al. Dan laai jy die slee; dan sit jy nou twee penne in, dat die honde nou nie moet gaan *vamus* nie ... ‘n Pen hier en ‘n pen daar. Dan laai jy ... Die honde is verskriklik opgewonde; hulle wil net uitkom... Dan gaan jy agter, dan trek hy hierdie pen uit; bêre hom op die slee. Dan gaan jy vorentoe – nou weet hulle; teen dié tyd weet hulle – dan trek jy hierdie pen uit. Dan tegelyketyd duik jy, om hierdie agterste ... weet, hierdie wat jy nou ... As jy dit nié maak nie, dan’s hulle ... Hulle hardloop!

**V:** Sonder jou?!

**A:** Dan sê die hond O, *shit*! Wag ... ! Dan vat hulle so lang draai, so kilometer-draai, en dan kom hulle terug. En dan kan jy maar opklim. Maar dan wys jy vir die leierhond, daai rigting. Hy hou die rigting op ‘n paar maniere: die een op die horison, en twee op die golfies in die sneeu.

**V:** O, regtig?

**A:** Jy weet, daai rigting, hy hou dit. En as daar ‘n *obstacle* is, soos ‘n paal, dan sal hy omgaan en hy sal weer aangaan. So, hulle is verskriklik goed opgelei, daai honde. Maar die honde was lateraan onprakties ook, jy weet. Jy kan nie groot laste dra met die honde nie. So, nou ja ...

**V:** So het julle self dan uitgegaan op veldwerk of ... ?

**A:** Ja, maar dan met hierdie trekkers, daarso; ons *muskegs*.

**V:** Wanneer hét julle die honde gebruik?

**A:** Eddie de Ridder het hulle gebruik vir sy gravitasietoetse. Nie te ver nie; dag-*trips*, jy weet. Dis meer vir die sport, as ek reg onthou; dit was nie eintlik werkshonde nie, jy weet. Hulle was op die einde van hulle werk by ... Die trekkers was *muskeg*-trekkers – dis ook op die foto ... Hulle is gedryf deur ‘n 6-silinder Valion-masjien (?), petrol, omdat diesel vries. Daai diesel het gevries teen –23, so als was petrolaangedrewe, wat bietjie van ‘n beslommernis was. En ons het drie of vier van hulle gehad, so as jy die dag wil uitgaan, dan begin jy baie vroeg. Dan vat jy ‘n blou lamp, twee blou lampe, dan sit jy dit op die ratkas, op die masjien, op die *radioator* ... Dan vat dit jou so uur of twee of die goed net weer lopend te kry. Dan sit jy die masjien aan en as hy vat is jy gelukkig; en dan tel hy bietjie hitte op en dan laat jy die ratkas se olie so bietjie rondloop en die masjien so bietjie rondloop. Dit vat jou so twee, drie ure om aan die gang te kom. Dan het jy rubber *track* of wiele – amper soos ‘n *bulldozer*, maar dis meer rubber en bande as staal. En hy’t ook die twee *levers* wat jy trek, dan gaan jy links en regs en so. Baie stadig, so 5, 6, 7 myl per uur.

**V:** Het julle enigsins opleiding gehad vooraf om dié goed te bestuur?

**A:** Ag nee, dis maklik! Jy skakel aan en jy ... links, reg; jy weet, daar’s nie ... Daar’s niks aan nie. Maar hulle is stadig en hulle is swaar op petrol en dit is koud. En as jy ‘n kopspeldgaatjie in jou venster het of in jou rubber, dan kom daar sneeu in; dan laterhand bou dit so op. Jy weet, dis nogal onplesierig. En dan ook, as jy ry, as jy reis – dis ook ‘n skyfie – dan is daar krevasse. En ek weet nie wat die Afrikaanse woord is vir ‘n krevas nie; dis seker maar ‘n krevas ... Die ysplaat is dinamies; hy beweeg. En waar hy nou vasloop teen rotse waar hy beweeg, kry jy krake; sulke traksiekrake. Nou die wind waai hierdie krake toe met ‘n bruggie van sê nou maar só dik, so ... jy sal sien op die skyfie... Dan, jy sien dit nie, want die golfies – die golfies se naam is *zastrugi; zastrugi* is ‘n ... weet nie watse woord nie ... ‘n Eskimo-woord vir “golfies in die sneeu”. Jy sien nie daai krevas nie, en as jy nie oppas nie, dan’s jy doef! Dan’s jy binne in die slee 200 m af.

**V:** Dit het nooit met julle gebeur nie?

**A:** Nee. Nee nog nie sover ek weet nie. Wat jy doen is, as jy nie seker is van die area nie, jy stuur die hond vooruit ... sulke lang ski's; sulke 2 m-lank ski's ... met 'n stok, *prodding* stok. Dan toets hy nou, dan sê hy ... ja; nee ... Dan toets hy nou die skeur se wydte. As die wydte sê nou maar só groot is, dan's hy bakgat; maar as hy nou 3 m is, dan sê jy nou Oe ... !

**V:** Eerder maar omry ... ?!

**A:** So dis gevaarlik; dis een van die werklike gevare, veral aan die kus, waar die ysplaat vashaak en versnel. Jy weet, hy beweeg. Weet, dit is ... Die basis, daai basis, is die tweede basis wat Suid-Afrikaners beset het – die eerste basis was 'n Noorweegse basis, daar naby aan die kus; Norway Base. Ons was die eerste Suid-Afrikaanse basis. En ek moes op 'n baie koue nag sterre *obs* doen om sy posisie vas te maak.

**V:** Van die basis?

**A:** Van die basis. Hy't ...

**V:** So hy was nog nie vasgemaak voor dan nie?

**A:** Nee, wat dit is, die basis lê op die ys en die ys beweeg. So jy moet elke jaar meet waar is die basis. Hy beweeg so 30 m in 'n jaar. En ek het gemeet en dit was blêrrie koud, want jy sit met vingertjies en teodoliet en 'n stophorlosie en 'n potlood by –30; en jy moet jou observasies – en dit vat jou seker so 'n uur of twee – om die basisposisie vas te maak. En wragtig, dis *GPS*, né! Jy't twee knoppies, en jy moet sien watter een daar ... dan vat jy ... Daai basis het beweeg 30 m per jaar.

**V:** Dis nogal baie.

**A:** So oor 300 jaar gaan hy in die see intuimel. So dis ook oraait so. Die Noorweegse basis ... Ons het gaan besoek aflê daar. Hy was baie diep; hy was onder, seker so goeie 10, 20 m onder die sneeu; hy was so skuins geruk – heeltemaal skuins; jy moes kruip om daar in te kom. Ons het kaarte gesteel en 'n telefoon ...

**V:** So hulle het nog 'n klomp goed daar agtergelos?

**A:** Ja, ja. Maar hy was seker heeltemal ... Ons basis was seker so goeie 5, 6 m onder die sneeu. Jy kan vandag 'n tas of 'n kas buitekant los; as daar 'n storm is, dan storm dit vir 7, 8 of 9 dae aaneen; as jy uitkom, dan's hy net *gone*; hy's toegewaai. So ... Die sneeu-aanpaksels pak als toe, jy weet. Jy raak weg, heeltemal. Ons basis, waar óns was, is nou seker al 10, 20, 30 m onder die sneeu; so ook nie meer bekombaar nie. Daar was 'n basis ná ons basis, en toe was dit die nuwe, die *smart* een ...

**V:** Die *smart* een op die nunatak ...

**A:** Bo-op die nunatak, by Borg Massif, 200 km van die kus af, huh? Of so iets.

**V:** Ja. Maar ek wil nou 'n bietjie teruggaan ... Toe julle met die RSA ... Dit was toe nog die RSA gewees, en wie was kaptein? Was dit McNish of was dit toe Herr Funk?

**A:** Robbie McNish was kaptein en Herr Funk was sy tweede in bevel. McNish het 'n mooi baard gehad; hy was 'n regte ... Ek dink hy was 'n Skot, en ek dink sy naam is Robbie McNish gewees. Hy was 'n baie bakgat ou. Maar ou Funk was bietjie van 'n ... Hy was 'n bietjie van 'n snaakse ou ... Toe ons terugkom ook, weer McNish ... Funk was toe nie meer daar nie; ek kan nie onthou nie.

**V:** Maar het julle bietjie vasgesit in die ys, of nie?

**A:** Nie eintlik nie. Kyk, wat gebeur is, jy gaan uit; dan kom jy na so twee, drie dae, kom jy in die Roaring Forties. Nou ouens sal vir jou mooi stories vertel van die Roaring Forties ... van jy's bang jy gaan **nie** dood nie, jy weet! En dan kom jy by die Furious Fifties, of die Fighting Fifties, wat ook net so erg is. En dan kom jy by die Sixties, waar die pakys ... druk die golwe af – dis amper soos 'n ... Daar's nie 'n plek vir golwe nie. Die pakys so stil soos hierdie tafel. Maar dan, McNish en Funk en ook die ander ouens daar op die brug, hulle weet presies ... Hulle kyk na die wolke – as daar 'n breek op die water is, dan wys dit op die wolke. En dan sê hulle soveel links of soveel regs of wat ook al. McNish was baie versigtig met die RSA gewees; hy't so ... sulke stampies gemaak, weet, in die ys. En aan die einde van die ... As hy nou gaan slaap, dan Funk sê 'Hey, this is nothing! Go, go!' En dan stamp hy daai skip dat jy ...

**V:** Maar kan jy dan slaap as die skip so stamp?!

**A:** Nee, jy kan nie! O nee, dis onmoontlik! En dan stamp hy die skip, en dan ... Maar ons het nie ... Ons het eenkeer ... nou nie vasgesit nie, nee ... Ons was nie vertraag nie; dit het presies gevat ... Jy't seker so dag of twee wat jy nou stadiger deur die ... En dan kom jy by die basis self – ook op die skyfie – en dan's daar 'n kring van stil, pragtige skoon, stil water om die Pool, en dan is daar die pakys rondom dit, en die ysberge nou weer rondom dit. So ... Maar die Roaring Forties is iets om te beleef – jy sal dit waardeer!

**V:** Seker veral op die RSA ...

**A:** Die RSA was klein; hy het 'n ronde boom gehad, dat hy kan maklik rondbeweeg. Hy was maar klein; dit was nie 'n groot skip nie. En die kraaines, wat jy hierso sien, het gemaak dat hy nog meer ... jy weet. Maar met óns *trip* was hy afgewees; hy was nie daar gewees nie. En als is klein: die kombuisi is klein en jou slaapkwartier is maar baie beperk en so.

**V:** En julle ook nou die res van die span ontmoet met julle span-*training* vooraf, die opleiding? Toe't julle as 'n span bietjie saam spanbou gedoen en ... ?

**A:** Ja, maar dis nie daai spanbou wat jy vandag kry as jy in 'n kantoor gaan werk nie, jy weet. Dit werk glad nie ... of ek het dit nooit so ervaar nie ... Maar lateraan ... Daar's twee dinge in jou gedagte: Een – moenie *stupid* goed doen nie; as jy *stupid* goed doen, mag jy aftjop. Die tweede ding is: as jy *stupid* goed doen en hulle gaan soek jou, dan plaas jy daai ou ook

nog weer in ‘n penarie. So ons het sekere reëls gehad. Ons het ‘n windspoedmeter binnein die kajuit gehad – nee, ek glo nie hy’s daarop nie – en die vaste reël is, as die wind bokant 30 km per uur waai gaan jy nie uit nie. Hoekom? Bokant 30 km per uur is jou visie, jou gesig, is 3 m, 2 m. Onderkant dit kan jy nog sien, maar bokant 30 km per uur ... Jy sal in die rondte loop om hierdie tafel en jy sal verdwaal. Jy weet, dit is *genuinely* so.

**V:** So erg ...?

**A:** So jy gaan nie uit by meer as 30 km per uur nie; jy sê waarnatoe jy gaan en as jy verder gaan, gaan jy met ‘n pêl uit – jy weet, vat ‘n stuk tou saam met jou, tussen die twee. Daar was sulke basiese reëls gewees, jy weet. Van veiligheid, en ook van spangees. Maar jy gaan nie uit nie, want as hulle jou gaan soek, dan’s daai manne ook in die risiko. So jy’s maar redelik katvoet.

**V:** Was daar meer wetenskaplikes afgewees? Daar was nou weerkundiges gewees, en u wat die luggloed gedoen het ...

**A:** Nee, nee, daar was ... As jy afgaan Jo’burg toe, gaan na Bernard Price Institute toe, by WITS [nou Johannesburg Universiteit]. Bernard Price het gehad ... Isakowitz ... en nog ‘n Duitser, ‘n mal Duitser, ook ... Oukei, die volgende: Potch – Prof Stoker en sy *crew* het gedoen ionosferies ... nee ... Ja.

**V:** Ja, hulle het fisika ... *space physics* en ... ?

**A:** Ja, bolug-fisika. Professor Gladhill van Grahamstown – baie dieselfde. Oukei.

**V:** Maar in julle span spesifiek?

**A:** Ja. Potch, Grahamstown, Stellenbosch ... en ek dink Departement Geologie – Eddie was geoloog as ek reg onthou. Daar was vier wetenskaplikes, drie weerkundiges, twee *mechanics*, een radio-*op*, een radio-*mac*, geneesheer, leier. Tel dit op.

**V:** Was Shaun nét die leier? Was dit sy enigste doel gewees?

**A:** Hy was net die leier. Wag, waar’s die *rollcall* ... ? Hierso so.

**V:** So die weerkundiges, hulle het net observasies gedoen? Hulle het nie regtig navorsing gedoen nie?

**A:** Sean was die leier. Hy was die radio-*tech*; hý was die radio ... Hulle het nie met mekaar gepraat nie ...

**V:** Sean en die ... ?

**A:** Nee, nee. Die radio-*tech* en die radio-*op* het nie met mekaar gepraat nie.

**V:** Maar hulle werk dan op dieselfde ding!

**A:** *Not* ‘n donner! ‘Gee my die tamatiesous!’ – weet; so!

**V:** Hoe dan so?

**A:** Hulle het net nie oor die weggekom nie. Hierdie outjie was luggloed; hierdie ou was die werktuigkundige; hy was weerkunde; hy was die geneesheer – ja, hy't bietjie navorsing gedoen oor metabolisme; Harold Poole was ...

**V:** So hy't julle bloed getrek en goed?

**A:** Bloed getrek, oe ... As jy hom sien, dan duik jy al! Poole was by Geo-Ob in Hermanus; hy't magnetiese velde gedoen. Christo was weerkunde; Henry was *mechanic*; weerkunde, geoloog ... Ek weet nie of al twee dieselfde ... Nee, ek weet nie; dit sal jy by Departement Geologie ... Hierdie was Gladhill in Grahamstown, en hierdie was Potch, professor Stoker.

**V:** Maar die geoloë, het hulle in die winter ook kon uitgaan? Of wat het hulle in die winter gedoen?

**A:** Nee, in die winter ... Nee, jy kan nie in die winter uitgaan nie; niemand gaan in die winter uit nie.

**V:** So wat hét julle in die winter gedoen?

**A:** Gesuip; en gelees. Gestry.

**V:** Waaroor het julle gestry as julle stry? Politiek, of ... soos klein goedjies?

**A:** Nee, nee; wag nou. Die sielkundiges het vir ons gesê ... En dan kry jy die ouens ... Was 'n dominee, toe gaan hy na die Departement van Arbeid toe as 'n raadgewer, né. Dan sit jy, dan gee hulle vir jou raad, berading. Baie keer, dan sê hulle asseblief, julle moet baie versigtig wees; dis 'n gespanne situasie. Julle moet nie godsdiens argumenteer nie; nie politiek nie; en ook die seks nie. Want daai drie *topics* kan die ouens net mekaar verkeerd opvryf. Jy weet. Maar dit was baklei – seks, politiek, godsiens ... ! So ... Maar ons het baie skaak gespeel; ons het baie Scrabble gespeel. En jy't 'n *job* ook. Jy het 'n beurt gehad van 14 dae om te kook. En as jy 4 dae 'n beurt gehad vir *skivvy*. Met ander woorde elke ou werk vir elke ander ou op kok- en op 'n *skivvy*-basis, jy weet. Dis 'n baie oulike sisteem... Ek weet nie waar dit vandaan kom nie, maar dit werk goed; dit het goed gewerk. En dan in die winter het jy baie instandhouding gedoen; jy't 'n bietjie apparaat reggemaak en al sulke goed. Ag, dis nie baie werk nie. Ja, dis omtrent al.

**V:** En Midwinter, het julle ...

**A:** O, moerse fees! Dis ook op die skyfie. Dis een moerse fees. Ons het 'n koek gebak. Ons het wyn gespaar vir die okkasie. O, ons het witblits gestook.

**V:** Goeie genugtig! Waarvan?

**A:** Ons het kaste en kaste gedroogde appels gehad, wat niemand van hou nie. Jy weet, dit lê net. Dis sulke kaste vol. En toe iemand kry ... Ek weet nie wie dit was nie; ek dink Fulton was die ou ... Fulton en ek weet nie wie nog nie. Maar hý veral. Vat hulle die gedroogde appels, week dit in water; gooi suiker by, gooi suurdeeg by; prop op. Dan begin die nou gis. Borrel, borrel, borrel en gis ... Hy't vir ons 'n stookketel gemaak. En hy't gekook, en

dan't hy jy so *coil* gehad wat afkoel, en dan drip, drip, drip dit so uit. En ons het ... Want dis toe laat in die jaar; dan's die drank op. En ons gestaan in sulke tou met teelepeltjies – o, bakgat! dan gaan jy terug in die ry! En ou Schonees kom, Johan Schonees kom, en hy toets dit en hy sê boys, hierdie goed is gif; julle moet dit nie drink nie ... *wha-wha-wha*. Ons drank was toe ... Ja, einde van die jaar was dit op gewees. Ons het probeer witblits maak; dit het nie gewerk nie. Ons het laterhand goed gekook. Ons het brood gebak; ons het lekker kos gemaak. Bietjie van 'n kompetisie, jy weet. Wie kan ...

**V:** ... die lekkerste ... ?

**A:** Ag, en dis maar al.

**V:** En Midwinter, het julle boodskappe gekry van al die ander basisse af?

**A:** O ja; ja. Ons het skaak gespeel met Halley Bay. Nou as jy na die kontinent kyk, ons is op twaalfuur; Halley Bay is so nege-uur, tienuur. Die Britse basis. Ons het met hulle skaak gespeel. Die Russe kon ons nie lekker mee gesels nie. Die Amerikaners is hardegat. Ons kon lekker met die Britte, kon ons lekker oor die wegkom en praat. Maar dis ook 1000 km weg, so jy kon niks ...

**V:** So julle't maar net af en toe oor die radio gepraat?

**A:** Ja.

**V:** En kon julle enigsins nuus kry van die huis, of was dit maar per die radio-operateur, wat julle byvoorbeeld van Verwoerd gehoor het?

**A:** Nee, ons het radio RSA gehad. Radio RSA, met Jubero Malherbe. Sy's onlangs oorlede. Dan het hulle nou spesiale boodskappies, jy weet, en plate, opbouende programme, jy weet ... En ons het pos ingekry ... Waar's daai briewe wat ek van ... ?

**V:** Het hulle vir julle boodskappies van die familie oor die radio gelees?

**A:** Nee, nee. Hierdie is als Morse-kode gewees; al hierdie.

**V:** Oukei. En julle het glad nie besoek gekry van iemand anders?

**A:** Nee, nee; glad nie. Dis onmoontlik. As daai skip ... Die eerste foto daarop wys hoe die skip nou koebaai sê. As daai skip waai, dan is jy op jou eie; jy's heeltemal ...

**V:** Hoe voel dit?

**A:** Ja, dit voel nogal half ... Jy weet, jy is nogal bietjie weerbaar. Nou oraait ... Maar jy sal dit sien daarso ... Die kleure en die grein is *bad*, want dis ou foto's; so ekskuus ...

**V:** Nee, glad nie!

**A:** Ek wonder waar's mý foto's wat ek ontvang het ... Ek het nou die goed laterhand so sleg gehou, ek dink ek het dit weggegooi ...

**V:** Nou aan die anderkant, as mens terugkom in Suid-Afrika, wat let mens op?

**A:** Ouboet het my kom haal en ek sê 'jy moenie te vinnig *corner* nie! jy gaan ons verongeluk! wat maak jy?! whoa!' En na so dag kom jy weer reg. Ek gaan toe by Strandstraat by Holmes Motors en ek koop 'n karretjie en ek haal so die *wallet* uit my gatsak uit en ... daar ry ek – oe, oe! my eerste kar, jy weet. O, nee ag, jy raak dit gewoond.

**V:** Maar ek kan dink dit moet nogal vinnig lyk in Suid-Afrika dan? Alles moet bietjie vinniger voel daai eerste dag.

**A:** Eerste twee dae, jy's heeltemal, totaal ... Daar's jy gewoond 6 of 8 myl 'n uur; 10 myl 'n uur maksimum, jy weet. Hier ry jy 30, 40, 50 myl 'n uur. O jinne, nee; dis moeilikheid soek. Ag nee, jy raak dit gou gewoond; jy kom gou terug.

**V:** Mis mens ooit Antarktika?

**A:** Ja, ek mis die stilte. Daai stilte as jy nou stap en moes daar goed meet. Ons het ... As dit die basis is, dan't jy so 'n ster gehad van pale –- ek dink dis 'n kilometer-kilometer-kilometer as ek reg onthou, of halfkilometer ... een of ander distansie. Dan meet jy die sneeu-akkumulasie elke maand; jy't so boekie en dan skryf jy dit op. En as jy weggaan van die basis af, dan stap jy so paar honderd meter of 'n kilometer – ek kan nie onthou nie ... Daai stilte is so enorm, dat jy hoor jou eie bloedvate se vloei – jy weet, daai ... Jy hoor doodse stilte; dis ongelooflik. Nee, daai eensaamheid en die stilte is iets wat ... jy kan dit nie lekker beskryf nie.

**V:** Ongelooflik. En toe jy nou terugkom, moes jy dan 'n verslaggie skryf oor die bolug?

**A:** Ja, ek was terug by die prof, en die prof was ook maar ... Ek het gesê 'dit het gebeur ...' Nee, ek het 'n boek gehou, jy weet, van die aurora en ... Die bolug was 'n mislukking; ons kon niks daarmee doen nie. Aurora het ek beskryf; ek het *photies* geneem, swart ... myle swart-en-wit film, jy weet! Nou aurora – die mooiste is die kleur! Maar die kamera het swart-en-wit ... So dis bietjie van 'n ... Maar ek het self skyfies geneem; daar's twee op van aurora wat ek dink wat nogal redelik die prentjie gee van aurora. Die mense dink dis baie helder. Dis helder, maar dis nie ...

**V:** So helder soos daglig nie ...

**A:** Dis minder as maanlig, jy weet; so ... Maar dit is ongelooflik. Jy staan daar en jy ... Og! Kan nie wees nie! Wow! So as jy hoor dit is *stunning* ... Dit is werklik *stunning* om te sien hoe daai ... hy maak sulke golfies ... O!

**V:** Wonderlik ...

**A:** Dit is ... Jy sien dit eenkeer in jou lewe. En ons het dit twee keer daai jaar gesien  dit was nie 'n baie besige sonjaar nie, so ... Natuurlik, as jy sonvlekke kry, dan is alle radiokontak is *gone* vir so twee, drie dae; jy hoor niks. Dan gaan dit weer oor. Dis al!

**[BREUK]**

**A:** Papegaai... En dan as hy nou hoor, jy weet, die kap van die slaapkwartier, dan weet hy presies wie kom aan.

**V:** O, is dit?

**A:** Is dit een van sy twaalf pêlle, of een van drie vyande ... En as dit een van sy vyande is, dan "ggg" ...

**V:** Wie was die vyande gewees?

**A:** Ek dink dit was Roelf van den Heever, Christo Wolfaardt en Johan Schonees – ek's nou nie seker nie; moet my nie aanhaal nie. Maar as dit een van die twaalf is wat hy van hou, dan gee hy jou fluit [fluit-geluid].

**V:** Nou hoe't hy besluit van wie hy hou of nie?

**A:** Nee, maar ... Hy kliek met jou of jy kliek nie met hom nie, jy weet. Dis een van die twee. Papegaai was die ... Hy't besluit hy hou van twaalf ouens; drie ouens hou hy nie van nie. Maar dis 'n *vicious circle*, jy weet. En as hy van dié hou, dan sê hy: [fluit – Beethoven 9de simfonie]; dis sy fluit, jy weet. Maar hy gaan nie baie verder as drie of vier note nie.

**V:** Dit is oulik! Het hy 'n hok gedeel met die *budgie*?

**A:** Nee, die *budgie* was apart. Hy't die hok gehad.

**V:** Hoe het hulle die koue oorleef?

**A:** Binne ... $8^{o}$ is oraait; nee, dis $8^{o}$ ... Hoe hulle hom daar gekry het, weet ek nie. Maar die *trippie* van die skip as na die basis toe is ... hoeveel kilometer? Dit vat jou so hele paar uur, né?

**V:** Ja ...

**A:** Hulle het seker maar toegedraai in 'n kombers ... Ek weet nie. Papegaai se naam was JJ en die *budgie* se naam was ek weet nie wat nie. *Budgie* is oorlede, en lateraan is die pappegaai ook oorlede.

**V:** Terwyl julle daar was?

**A:** Ja.

**V:** Het julle hulle begrawe?

**A:** Dis nie nodig nie. Jy gooi hom net buitekant en môre is hy toe.

**V:** Maar hoe lank het die ... paar maande het die voëls oorleef?

**A:** Nee, maar die pappegaai het lank aangehou; hy's op die einde, naby die einde, is hy oorlede. Durandt-Barnard, Johan Durandt-Barnard, hy was 'n duiwekenner gewees, 'n entoesias; hy't die goed ... hy't die papegaai versorg en sy antibiotika gegee en al sulke *rubbish*. Maar die papegaai het jou ... Hy kon met jou sit en praat ook, jy weet.

**V:** Dit was seker lekker om 'n troeteldier te gehad het?

**A:** Veral in die nag kon jy lekker [fluit]. Ons het ‘n paar plate gehad; ons het so ... Ons het Elvis Presley gehad; ons het Ann-Margaret gehad; ons het ‘n paar klassieke plate gehad. En ek het Beethoven se 9de gehad. En hy’t later die ding amper beginne ... [fluit] ...

**V:** Saam fluit?

**A:** Jy weet, so gebreekte ... Ah, hy’t daarvan gehou. O ja, ons leesstof; baie belangrik. Ons het ‘n kontrak gehad met London City Library. Hulle kry boeke van die uitgewers; 10 van ‘n proefedisie, né – sagteband en kleur, net “proof” – boeke wat die Library lees dit of hulle lees dit nie. Ek weet nie wat hulle daarmee gemaak het nie. As dit klaar is, dan pak hulle dit in ‘n kas en hulle verkoop dit aan ons. Ons het kaste en kaste boeke gehad. Goeie goed, jy weet; goed wat jy vandag nooit weer sal lees nie. Dan vat jy ‘n boek en dan lees jy hom in een aand; jy weet, jy lees ... doe-doe, doe-doe ... jy weet, so! Ons het bietjie plate gehad. Flims het ons gehad.

**V:** Watse films?

**A:** Ons het gehad 16 mm-films; ons het gehad *Showboat*, maar dit weet ek is maar ... *Oh, my goodness* ... En ons het gehad ... Ag, ek kan nie onthou nie.

**V:** Maar julle het seker van hulle meer as eenkeer gekyk?

**A:** Ag nee ... later sê jy ag nee, gooi die goed weg! Ons het nie bloufilms gehad nie; later spanne het bloufilms gehad. Maar ons was ... O, nee; jy mag nie. Jy mag dit nie hê nie. Ons het *pin-ups*, het ons ... Ons het nie *pin-ups* gehad nie, maar ek dink amper Johan Schonees het die boek gehad – *Cowboy Kate*; ek weet nie of julle ...

**V:** *Cowboy Kate*!

**A:** Onthou jy dié boek?

**V:** Nee!

**A:** Huh?!

**V:** Nee, ek onthou hom nie!

**A:** Sam Haskins *Cowboy Kate*; die modelletjie was half ... **half**kaal gewees; mooi. En hulle steek Suzanne op, dié moet nou vir ons ... ek soek daai en daai en daai; jy soek dit ... Nou ons het papier gehad van ... die magnetograaf se papier is geel, amper soos planafdrukpapier ...

**V:** O, oukei.

**A:** En ek was toe bietjie betrokke by die donkerkamer, en ek moes vir dié ou moes ek hiérdie mooi *girltjie* afneem en dáái mooi *girl* ... Altyd *Cowboy Kate*. Sam Haskins. Mooi boek; mooi meisie ook. Maar dis ... Ag, vandag ... Jy sien meer op Clifton as wat jy daar sien, so ... Ons het nie bloufilms gehad nie; ons het nie pornografie gehad nie. En daar was geen homoseksualiteit nie. Die ouens vra vir jou ‘wat gaan jy ...?’ [fluister], jy weet. Ons het nie

gehad nie. Ons het gehoor van die ander spanne het dit wel gehad. Maar ek glo nie jy moet daaraan krap nie. Ek weet nie of dit daar is nie; ek twyfel. Ons het dit nie gehad nie. Ons was redelik skoon en mak. Ons het ... Nou ja, ons het niks gehad nie, so ... *Playboy* was toe nog 'n bietjie van 'n gewaagde ding gewees, jy weet.

**V:** Het dit ooit in Suid-Afrika bestaan?

**A:** Nee, jy kon tronk toe gaan met *Playboy*!

**V:** [Lag.] Maar my bietjie herinnering daaraan is ... Mens het wat in Suid-Afrika gekry? *Scope* of iets?

**A:** *Scope* ... Dit was voor *Scope*. Ons het *Die Brandwag* gehad en *Die Landstem.* En kyk...! Maar daar was nie sulke gewaagde goed nie. Jy moes spesiaal iemand vra om ... weet.

**V:** En net 'n laaste ding, het die Departement vir julle sigarette en drank gegee, of moes julle self vat?

**A:** Nee, nee. Sigarette het jy self aangebring. Drank – hulle het vir jou gegee twee biere 'n week ...

**V:** Jislaaik!

**A:** En die span het gekry 'n bottel vodka, 'n bottel brandewyn en 'n bottel gin 'n week. En twee bottels wyn – 'n wit en 'n rooi – 'n week. Nou vir 'n span van 15. By Oktobermaand was ons drank klaar gewees, so ...

**V:** Wie's in beheer van die drank? Was dit die ... ?

**A:** Nee, jyself ... O, nee; die leier was in beheer van die drank, van jou twee biere, saam met die fliek!

**V:** Oukei! Watse biere was dit?

**A:** Ek dink dit was Castle of Rank [?] – jy druk die gaatjie in, jy weet?

**V:** O ja ...

**A:** En ons het ... Bo-op die skyfies sal jy nou sien, by Midwintering, toe's daar nou 'n klomp drank wat ons gespaar het; dit het ons nou by Midwinter ... Dit was ... Drank was nie 'n probleem nie. Sigarette ook nie; ons het genoeg gehad. Jy bring maar jou eie goed.

**V:** Het almal gerook op die span?

**A:** Nie almal nie. Wat wel gebeur het, is dat ons ry die 30ste – *call me a liar*; ongeveer die 30ste Desember gery uit Kaapstad se hawe uit. En na so paar ... Robert McNish kom op die lug, hy sê vir ons *Boys*, ons is buite die doeane-zone; ons kan nou *duty-free* drank koop, né ... en suip. So ons koop 'n ... ons koop sulke pakke biere en brandewyn en ek weet nie wat nog als nie.

**V:** Het julle dit alles op die skip gekoop?

**A:** Ja, op die skip. Want nou's ons buitekant die doeane-zone; jy kan nou *duty-free* koop. En ons het redelik rof aangegaan in die begin.

**V:** G'n wonder die Roaring Forties was so erg vir julle toe julle daar aankom nie!

**A:** Dit was. En toe raak dit Oujaar, toe raak die Nuwe Jaar. En toe raak die Roaring Forties, so ...

**V:** O gits!

**A:** En dan die ysberge wat ook die skyfies is, is ongelooflik. Weet, dis 10, 20 km lank en ... dis fantasties. Dit was ... Die *trip* self, die bootreis, is ongelooflik. Jy moet arm draai; jy't dit nodig. Ons het gehad John Pitts. Hy was 'n sub-redakteur by die *Star* gewees. Hy was saam af met die *trippie* ...

**V:** As 'n joernalis nou?

**A:** As joernalis. En daar was so klein outjie, so klein ou kortgatjie saam, van *Rapport* – *Rapport* was ... *Die Beeld* was *Rapport* gewees. Hy was 'n klein ou, helse ou klein bliksem, en John Pitts kon jy mee suip en tekere gaan. En hy ... Hulle gaan op die ys-*floes*, die ysplaat, en hulle sê vir hom, John, jy moet 'n stok dra – jy inval, die stok gaan jou keer; hy sê ag, dis *bullshit*. Hulle sê: Hey, John, dra jou stok! Daar gaat hy deur die ys! Daar red die stok hom! Hy't later ...

**V:** Dit moet nog steeds yskoud wees!

**A:** Dit was 'n bietjie van 'n vernedering gewees dink ek vir hom. Hy's toe weer af met die terugkomslag, die optelslag, is ook toe ... Ek kan nie onthou nie. Ek weet nie waar ... Ek dink hy's ook oorlede.

**V:** Ek sal bietjie kyk, want dan moes hy seker 'n berig of wat in die *Star* geskryf het toe hy terugkom.

**A:** Maar dis omtrent al.

**V:** So jou boetie was net 10 jaar oud gewees, en hy't seker 'n bietjie van heldeverering seker gehad vir sy ouer broer?

**A:** O! My ouers dink 'Oe! dit was 'n Springbokspan!' Jy weet, hulle is nou béter as die Springbokspan! Nee, dit was goed. Nou, sy seun, Robert, studeer aan Potch en hy't nou sy Honneurs fisika gekry. En ek het hom die skyfies gewys so paar keer, en hy sê 'ek wil gaan; ek wil gaan'. Of hy nou gaan of nie, dis nou sy saak, maar nou ja. Miskien gaan hy, miskien gaan hy nie.

**V:** Ja wel, daar's darem plek vir 90 mense op die Agulhas, so ...

**A:** Daar was nie baie plek op die RSA nie.

**V:** Ook nie by die basis nie. Ek dink die huidige basis kan omtrent tot 80 mense vat in die somer.

**A:** Ons basis was 30 of 40, en ons was tjokvol. Jy weet, jy was oorvol gewees. Die huidige basis klink soos die Holiday Inn, man. Jy weet, dis soos ...

**V:** Net 'n laaste ding: kan u onthou van die kontrak wat julle moes teken, die werkskontrak?

**A:** Onthou niks daarvan nie. Wat ek wel onthou, ons paspoorte was hardeband leer paspoorte, diplomatiese paspoorte. Want as die skip nou moet *divert*, na Argentinië of waar ook al, dan is jy as diplomaat *gescan*. Jy weet, jy's nou ... En ek dink toe, dis darem een moewiese aandenking hierdie! En ek hou die paspoort en hy verval toe en toe moet ek nou aansoek doen vir 'n nuwe een. En ek gaan toe bietjie oorsee, en hulle vra waar's my ou paspoort. En ek sê hier's my ou paspoort. "Oh my goodness! Jy moet dit lankal teruggegee het al!" Jy weet. Maar ek wens ek kon hom gehou het. Dit sou een kolossale gedenking gewees het.

**V:** Dit sou nogal spesiaal gewees het. Ons sou graag 'n foto daarvan wou geneem het!

**A:** Wat nog? Wat nog ? Wat nog? ...

**V:** En die Minister van Vervoer het nie vir julle gesê sterkte en vlieg die vlag hoog, of so iets nie?

**A:** Danie Joubert ... Danie Joubert was Sekretaris van Vervoer. Hy't vir ons 'n kort *speech* gegee dink ek, destyds. Danie Joubert. Maar dis ... Nou krap ek darem lank terug. Ek weet nie ...

**V:** Hy wás Sekretaris van Vervoer daai tyd.

**A:** Ek dink hy't vir ons 'n *speech* gegee ... Weet, van hierdie stoere boere politieke ding van 'hou jou land se naam hoog' ... Ag, daai tipe van goed! En later... O ja, ons het op ons basis, het ons 'n *photie* gehad, 'n groot *photie*, van Blackie Swart, met sy... jy weet. En as jy verjaar, dan *toast* jy nou jou ... jy *toast* ...

**V:** Blackie Swart was die President?

**A:** Ja. Dan *toast* jy nou sy [foto] met 'n glasie wyn.

**V:** So daar was 'n foto van die Staatspresident in die basis?

**A:** Ja, ja. 'n Groot foto – jy weet, die wat jy in die Magistraatskantore kry.

**V:** En van Verwoerd? Was daar 'n foto van hom ook?

**A:** Nee, nee. Daar was nie 'n foto van Verwoerd nie; net van Blackie.

**V:** 'Lang man'.

**A:** Ja, net vir Blackie ... en ja. En dan die kombuis-eetkamer het 'n bietjie getilt, so as jy nou vloere was, al die water gaan nou eenkant toe; dis maklik om dan ... En die rede daarvoor is dat die stoof – ons het 'n een kolossale Aga-stoof gehad, wat met olie gewerk het – wat nooit afgeskakel nie. En waar die stoof gestaan het, het die ... so bietjie afgesak in die sagte sneeu, so bietjie getilt.

**V:** O, van die hitte ...

**A:** Van die hitte.

**V:** En was daar ‘n vlag gewees in die basis wat julle ... ?

**A:** Daar was ‘n vlag gewees – ook op die skyfies. Ons het ‘n toring gehad, ‘n *met*-toring. Nou die toring moet nog daar wees ...

**V:** O?

**A:** Ja, want hy was hoog, né; met die windspoedmetertjie op en die rigtingmetertjie en ‘n vlag en als. So ...

**V:** Die vlag het seker nie heeldag, heeljaar gewapper nie?

**A:** Wat het ons gemaak met die vlag? Ek kan nie onthou nie.

**V:** Want ek dink die wind daar moet ‘n vlag nogal verniel ...

**A:** Ons het winde gehad van 90 myl ‘n uur. Ons het dit gemeet dat die lugstroom vir een dag, 24 uur, was 2,000 myl. Die lugkolom wat by jou verby ... Ons het probeer uitgaan op 80 myl ‘n uur, net om te kyk hoe dit is; aan mekaar vasgemaak en uitgeklim ... En dis absolute, totale chaos. Dis erger as onder water. Jy weet, jy kan nie 30 sekondes oorleef nie. Ons het net gekyk en teruggegaan.

**V:** Die moet nogal *scary* wees.

**A:** Dis *scary*, want hy kóm! Vandag is jy hier en dis lekker rustig, en jy ontspan, en dis bakgat. Daai winde kom binne ‘n paar ure, en as jy nie bedekking het nie, dan is jy in jou moer. Die Japanners het ‘n basis gehad, Syowa, en een van hulle wetenskaplikes het uitgegaan ... En ek dink dis 20 m na sy hut toe ... Weg; tot vandag toe. *Gone*.

**V:** Net weggewaai?

**A:** Net weg. So jy vat nie kans nie. Jy eerbiedig die natuur, omdat hy ‘n bietjie sterker is as jy. Ons het ook Robert Scott se *Worst Journey in the World* gelees. En hy’t ook maar bietjie kanse gevat ... En bietjie baie gesels wat hy verkeerd gedoen het, wat daar gebeur het ... blah-blah-blah. Amundsen, wat toe die ding reg gedoen het; hy was maar ‘n bietjie van ‘n bliksem, want hy het sy honde afgevat, en met die terugkom het hy die honde geslag vir kos en om vir die honde kos te gee daar. Toe hy terugkom, was daar nie meer baie honde oor gewees nie.

**V:** Hy’t dit so beplan, dat hy hulle so sistematies ...

**A:** Ja. Nou Robert Scott, hy was ‘n Engelsman. Hy was ‘n *Brit*. Hy sou dit nooit gedoen het nie. Hy was ‘n *gentleman*. Maar hy’s ...

**V:** So julle het ‘n bietjie opgelees en gesels oor vorige mense?

**A:** Ons het die boek afgeneem, as ek reg onthou.

**V:** En Shackleton?

**A:** Shackleton, nee. Ons het ook die boek gehad waar hy die skip, die Endeavour, verlaat het en met sy roeibootjie na Elephant Island toe ... met sy hoeveel ouens? Ses, sewe ouens – ek kan nie onthou nie. Dít is ‘n groter prestasie as Scott of Amundsen gewees, daai *trip* van hom van die Endeavour na Elephant Island toe, oor ... Totale chaos ... !

**V:** Ja, hulle het met ‘n oop boot ...

**A:** Dit was ‘n ongelooflike dinge gewees wat ... Ons het bietjie gelees van Richard Byrd, die Amerikaner, wat 1936, toe vlieg hy oor die Suidpool; toe strand hy. Toe spandeer hy die winter in ‘n pakkrat. Ons het bietjie opgelees oor Richard Byrd, die aviator. En Amundsen kan jy oplees ...

**V:** Is dit Admiral Byrd?

**A:** Admiral Byrd; ekskuus. Ja. Amundson, Robert Falcon Scott ... Mawson kan jy bietjie oplees as jy lus voel.

**V:** *Home of the Blizzard*.

**A:** Mawson was ‘n Australianer; baie goed gedoen. Oor die geskiedenis van daai basis by ons ... Die oorspronklike grondbesit, sogenaamde soewereiniteit, was Noorweegs. Die plek se naam Dronning Maudland; dit is Queen Maudland. Toe kom die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog, toe sê hulle nee, die Noorweegse grond is nou ons s’n. Hulle vlieg toe oor en gooi ‘n klomp klein vlaggies, swastika-vlaggies, af, en hulle noem dit toe die Mühlig-Hofmannland, as ek nou reg lees. Want hulle het klein ... toe hulle sê dis ons s’n, daar’s ons vlag, Mühlig-Hofmann – kyk dit op. Toe sê Noorweë later ag nee wat, dis nog steeds ons s’n; bogger julle! na die Oorlog. So die plek het twee name – Queen Maudland en dan Mühlig-Hofmann; ek’s nie seker van daai tweede een nie ... Dieselfde met die skiereiland wat uitgaan van die Suidpool af na Suid-Amerika toe. Die een noem dit die Palmer Peninsula en die ander een noem dit Graham Land. Nou weet ek nie wie nou gewen het nie ...

**V:** Ja ... Hulle noem dit nou net die Antarctic Peninsula. Hulle het net die twee name ... Maar hulle praat nog in Argentinië ... As mens in Argentinië sê nou maar *coasters* kry, of hierdie toeriste-*souvenirs* en goed, dan is daar altyd ook ‘n deel van Antarktika op.

**A:** Saam met die Malvinas [Falkland-Eilande]!

**V:** Ja, saam met die Islas Malvinas.

**A:** Dan was daar ook nog *claims* gewees van ... ‘n paar van die *claims* het *ge-overlap* ... Nou weet ek nie meer nie.

**V:** Ja, daai Britse en Chileense en Argentynse ...

**A:** Maar nou is daar ‘n Indiese basis en ‘n Chinese basis, en ek weet nie wie nog nie. Toe ons daar was, was dit net die Russe, die Franse, ons, die Engelse, Australianers ... en nog...

**V:** Die Amerikaners ...

**A:** En die Amerikaners. Maar nou's daar ... Wat soek die Indiërs daar?! Ek weet nie! Wat ... 'n Chinese basis ... Ag nee. Poolse basis, huh?!

**V:** Ja, daar is 'n Poolse basis.

**A:** Ek weet nie wat hulle daar soek nie. Ek dink, wat hulle doen is, hulle verwag hulle gaan olie of yster kry daar, een of ander tyd. Nou hulle wil daar wees ingeval dit nou gebeur, dan kan hulle sê wag bietjie; *hey*, dis ons goed daai ...

**V:** Die Suid-Afrikaanse basis ... Wat het hulle vir julle gesê? Is dit maar net wetenskap, hoekom julle daar was?

**A:** Dit was absolute ... Die hoofdoel was weerkunde en die *spin-off* was navorsing. En die weerkunde was die anker gewees, as ek dit nou reg lees, destyds. En navorsing ... Ek se nog steeds, jy kan daai selfde navorsing doen met 'n satelliet of twee.

**V:** Ja, veral vandag!

**A:** Ek is ...

**V:** So hoe sal jy voel oor toerisme in Antarktika?

**A:** Toerisme is bietjie van 'n klug, want hulle gaan net in die somer; hulle gaan net tot op die grens – hulle gaan nie binne-in ... hulle gaan nie ... dis nie werklike toerisme nie. Daar's 'n bietjie seismologiese navorsing ook natuurlik. Daar's 'n bietjie fossielnavorsing wat hulle daar doen ... O ja, een van die eerste manne wat daar was – ek dink dis een van die eerste span – Willie Jacobs ... Hy was 'n Matriekseun aan die Paarl Hoër Jongensskool, Boys High; hy het afgegaan in 1960. Ek onthou nog die SBUF [?] het hom nog op die radio gehad ... Nou Willie Jacobs en ek het saam aandklasse gedoen, katkisasieklasse. En hy was een van die eerste manne wat afgegaan het, saam met die groot manne. Maar hy was jonk, 18 of 19 – kan nie onthou nie. ... Hy was een van die heel eerstes. ... Hy kan dalk vir jou die heel eerste ... jy weet ...

**V:** Ja ... pionierstorie vertel.

**A:** En daai ouens het afgegaan nie met die RSA nie; afgegaan met die Noorweegse bootjies, kleiner as ons s'n – die Polar Bjorn was ene gewees ...

**V:** En die Polar Haf, dink ek.

**A:** Ja. En dan gaan jy in by die ysplaat, dan kry jy 'n baai. En daai baai is nou ... die Noorweegse naam is die bukta; jy gaan na die bukta toe – RSA bukta, Polar Bjorn bukta, Post [?] bukta; drie buktas. In een van die drie kon jy dan jou skippie vasmaak. Druk hy sy neus in, dan gaan jy op, grawe jy 'n moewiese gat, dan begrawe jy die *sleepers* daar met tou aan – dan's dit jou anker; dan draai jy om. En dan bid jy maar dat daai ysbank nie breek nie, want as hy breek, dan is jy in jou ... Dan gaan jy saam met die skippie onder! Maar hulle sê – iemand het dit my gesê of ek het dit êrens gelees – dat as jy van die koue

doodgaan, soos Robert Scott, dan is dit net so goed jy raak aan die slaap; jy voel niks. Dis 'n salige heengaan. Jy voel boggerôl. So Robert Scott het stilletjies ... Ken jy die storie van Oates?

**V:** Ja ... "I may be some time ... "

**A:** Het jy sy voorgeskiedenis gelees?

**V:** Ja.

**A:** Hy was beseer in die Boere-Oorlog en toe word hy 'n held. Toe, op sy heldeposisie, kry hy plek op die skip, maar sy been was nooit reg nie. En dit het gemaak dat hy gesê het hy gaan maar so bietjie vir 'n *walk*. Hy was beseer in 'n skietvoorval naby Beaufort-Wes, as ek nou reg lees. As jy Pakenham se *Boer War* lees, dan praat hy van Oates, wat seergekry het in 'n skermutseling, of 'n lokval, 'n hinderlaag, by Beaufort-Wes; sy been ... En hy was toe 'n held; weet, hy is opgedra as 'n held. En Oates het dan Robert Scott ... Wie's die ander een wat jy genoem het? Die ou wat die Endeavour ... ?

**V:** Shackleton. Maar hulle was almal in Suid-Afrika gewees op 'n kol. Scott was ...

**A:** Ja-nee, hulle het by Simonstad aangekom; almal. Simonstad of Kaapstad. Ook Darwin was hier gewees. Darwin het ...

**V:** ... nie baie gehou van die Kaap nie; hy't gesê dis oninteressant!

**A:** Hy het 'n *trippie* gemaak Paarl of Stellenbosch ... ek weet nie wat nie; toe sê hy nee wat, dis vir hom niks nie! So hy's afgesit.

**V:** Nee, Darwin het nie baie gehou van Suid-Afrika nie, van die Kaap nie!

**A:** Wat nog? Gaan daardeur; laat my weet as jy klaar is.

## END VAN TRANSKRIPSIE